higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

20 November 2024 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

318Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Situasie wat vir ons moeilik is om op 'n daaglikse grondslag te hanteer, staan bekend as 'n...

A probleem.
B toestand.
C faktor.
D voorbeeld.

1.1.2 Volgens die hiërargie van behoeftes, val selfrespek onder … behoeftes.

A fisiologiese
B veiligheids-
C agtings-
D liefde en aanvaarding

1.1.3 Leer wat plaasvind deur waar te neem en na te boots wat ander doen, staan bekend as … leer.

A Afstands-
B waarnemende
C interaktiewe
D kompenserende

1.1.4 Om die minder waarskynlike oorsake te …, is deel van die stappe wat ons neem om 'n probleem op te los.

A ignoreer
B verduidelik
C minimaliseer
D elimineer

1.1.5 'n … keuse is wat ons in gedagte hou wanneer ons besluit wat om te studeer.

A Beroeps-
B Kognitiewe
C Vrywillige
D Rasionele

1.1.6 'n Oplossing moet … word, voordat die doeltreffendheid daarvan geëvalueer kan word.

A Geïmplementeer
B Geïnkorporeer
C beliggaam
D aangeneem

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Om beter in 'n taak te presteer, moet 'n mens meer … daarin sit.

A geld
B taktiek
C verwagting
D moeite

1.1.8 … is die proses om nuwe inligting by ons reeds bestaande skemas in te pas.

A Kompilasie
B Afwagting
C Assimilasie
D Vorming

1.1.9 … kan hindernisse wees om probleme op te los.

A Aktiwiteite en ooreenkomste
B Tyd en tradisies
C Objektiwiteit
D Saamspanning en ondersteuning

1.1.10 'n Persoon se … kan 'n uitwerking op sy/haar beroepskeuse hê.

A ras
B verdienste
C gewoontes
D persoonlikheid

1.1.11 'n Kreatiewe persoon is baie … van aard.

A nuuskierig
B lomp
C vergeetagtig
D versigtig

1.1.12 Finansiële beperkings kan 'n … in 'n persoon se loopbaan wees.

A gawe
B beperking
C geleentheid
D kans

1.1.13 … is om kennis bietjie vir bietjie op te bou totdat die leerder die hele konsep verstaan.

A Steiering
B Motivering
C Nabootsing
D Simulasie

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Negatiewe versterking is wanneer 'n … verwyder word.

A straf
B onaangename aktiwiteit
C aangename aktiwiteit
D beloning

1.1.15 Bronfenbrenner het die … teorie ontwikkel, wat handel oor die invloed wat die omgewing op die kind het.

A omgewings-
B deelnemende
C ekologiese
D klassieke

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die eerste stap in die oplossing van 'n probleem is om presies te identifiseer wat die probleem is.

1.2.2 Suksesvolle mense heg waarde aan hul werk.

1.2.3 Die chronostelsel beïnvloed elke kind op dieselfde manier.

1.2.4 Valensie is die waarde wat op 'n beloning of uitkoms geplaas word.

1.2.5 Selfaktualisering kan maklik deur die meeste mense in Suid-Afrika bereik word.

1.2.6 Kognitiviste stel belang in wat in 'n persoon se gees/verstand gebeur.

1.2.7 Die beste manier om 'n probleem te identifiseer, is om vrae te stel.

1.2.8 Natuurlike vaardighede is 'n belangrike faktor in 'n beroepskeuse.

1.2.9 ’n Horisontale loopbaan volg ’n opwaartse bewegingstendens.

1.2.10 Om tande met die nie-dominante hand te borsel, kan 'n mens help om verskillende dele van die brein te stimuleer.

1.2.11 Skinner se eksperiment met klein Albert was baie suksesvol.

1.2.12 ’n CV is nie belangrik in die proses om werk te kry nie.

1.2.13 Pavlov was vir die beginsels van operante kondisionering verantwoordelik.

Kopiereg voorbehou

1.2.14 Vryheid van oordeel kan kinders help om meer oop te wees om hul kreatiewe kant te verken.

1.2.15 Doelwitte moet uitdagend wees, maar nie onmoontlik nie. (15 × 1)

(15)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Om met verskillende mense te ontmoet, lei daartoe	A	stres
2.1.2	Refleksiewe gedrag wanneer 'n klok lui	B	deursettingsvermoë
2.1.3	Die vermoë om aan te hou probeer, selfs na 'n paar terugslae	C	kunsmatig
2.1.4	Ons benodig kos en water vir oorlewing	D	fisiologiese behoeftes
2.1.5	Om eerste met 'n idee vorendag te kom, wat nog nie voorheen oorweeg is nie	E	klassieke kondisionering
2.1.6	Die beloning word slegs gegee wanneer die taak suksesvol afgehandel is	F	wysiging
2.1.7	Ons stel hoë mikpunte en glo ons kan dit bereik	G	positiewe versterking
2.1.8	'n Emosie wat nie goed is tydens die kreatiewe proses nie	H	netwerking
2.1.9	Wanneer gedrag verander na meer aanvaarbare gedrag	I	selfdoeltreffendheid
2.1.10	Die resultaat van die gedrag is aangenaam en word dus versterk	J	vorming
		K	konvergensie
		L	oorspronklikheid

(10 × 1) (10)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n opsie uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

abstrakte redenasie; sensomotoriese stadium; selfregulering; evalueer; meningsverskille; intrinsieke; bevoegdheid; opsies; komplekse; inligtingsverwerking

2.2.1 … kan die probleemoplossingsproses vertraag.

2.2.2 Die interne standaard van gedrag waarteen ons onsself meet en reguleer, staan bekend as … .

2.2.3 … is 'n paar moontlike oplossings waaruit jy kan kies.

2.2.4 In … ontvang ons inligting uit die omgewing, wat 'n reaksie produseer wat in ons geheue gebêre word.

2.2.5 'n … probleem behels dikwels baie faktore, wat dit moeilik maak om 'n enkele oorsaak of oplossing te vind.

2.2.6 … motivering, is motivering wat intern gebeur.

2.2.7 Tydens die …, speel kinders met voorwerpe deur daaraan te raak en dit te besigtig.

2.2.8 Dit is goed om 'n oplossing te …, om te sien of dit die gewenste uitkoms het.

2.2.9 Die vermoë om 'n hipotese te stel en verskeie moontlikhede te oorweeg, word ... genoem

2.2.10 Die kerngedrag wat nodig is om suksesvol te wees in die uitvoering van 'n taak, word beskou as ... (10 × 1) (10)

2.3 Noem VIER van die vyf sisteme wat, volgens die ekologiese sisteem, op elke kind 'n invloed het. (4 × 1) (4)

2.4 Noem die TWEE kategorieë van behoeftes waarin Maslow sy hiërargie verdeel het. (2)
(2 × 1)

2.5 Noem VIER items wat jy onder die opskrif, *spesiale vaardighede,* in jou Curriculum Vitae kan noem. (4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.14) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 'n (Uitdaging/Oorweging) is 'n struikelblok wat ontrafel en deurgewerk moet word.

3.1.2 Tydens 'n dinkskrum moet ons ons oordeel (wantrou/weerhou).

3.1.3 Die term (kognitief/konjunksie) kan met intelligensie van 'n kind gekoppel word.

3.1.4 Die proses van (losmaking/delegering) is belangrik wanneer 'n oplossing verskeie aktiwiteite insluit.

3.1.5 Volgens Dewey, vind betekenisvolle leer by kinders deur (eksperimente/ervarings) plaas.

3.1.6 Stimulasie (inspireer/ondersteun) leerders om aktief by kreatiewe aktiwiteite betrokke te wees.

3.1.7 (Ervaring/Verwagting) hou direk verband met die hoeveelheid moeite wat 'n persoon doen om die taak uit te voer.

3.1.8 Vygotsky se sosio-kulturele teorie plaas die (opvoeder/kind) in die middel van die leerproses.

3.1.9 (Gimnastiek/Doelwitte) sal help om die leerder te motiveer om te presteer.

3.1.10 Die sone van proksimale ontwikkeling is die meer toepaslik vir (deelnemende/outonome) leer.

3.1.11 'n (Resumé/Verwysing) verwys na 'n getuigskrif van 'n ander persoon oor jou karakter.

3.1.12 Deur (antisiperende/samewerkende) situasies kan ons probleme voorkom of die erns van die probleem verminder voordat dit gebeur.

3.1.13 Die gebruik van (aansporings/instrumente) is 'n positiewe metode wat in gedragsmodifikasie gebruik word.

3.1.14 (Gardner/Gesell) is verantwoordelik vir die teorie van veelvuldige intelligensies.

(14 × 1) (14)

3.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Drie dosente by Indaba Kollege het beplan om hul leerders op 'n uitstappie te neem. Op 'n vergadering het hulle die moontlike plekke bespreek wat hulle kan besoek. Die dag voor die beplande toer, het mev. Thomas ontdek dat die plek wat sy in gedagte gehad het, gesluit sou wees, dat die kollege-bus nie beskikbaar is nie en die leerders op daardie dag geskeduleerde assesserings moet doen.

Na 'n analise van wat verkeerd geloop het, het die dosente besef dat hulle die take nie gedelegeer het nie en ook nie die beskikbaarheid van die studente of die hulpbronne vasgestel het nie. Met ander woorde, hulle het nie voldoende beplan nie, het nie 'n alternatiewe plan gehad nie, en ook nie uiteengesit wat hulle op die uitstappie gaan doen nie. Dit was 'n belangrike les vir die toekoms.

3.2.1 Die dosente het geleer uit die gevolge van hul eie optrede. Watter tipe leer het plaasgevind? (1)

3.2.2 Noem TWEE lesse wat die dosente in bogenoemde scenario geleer het. (2 × 2) (4)

3.3 Lees die stellings hieronder en dui aan of elke stelling KONVERGENT of DIVERGENT is. Skryf slegs 'Konvergent' of 'Divergent' langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 Die dosente het met verskeie moontlike plekke vorendag gekom wat hulle tydens 'n uitstappie met leerders kon besoek.

3.3.2 Na 'n analise van wat verkeerd geloop het, het die dosente besef dat hulle nie die onderskeie reëlings vir die uitstappie gedelegeer. (2 × 2) (4)

3.4 Jy word gevra om die dosente met die beplanning van hul volgende uitstappie te help.

- Ontwerp 'n idee-kaart ('mind map').
- Die struktuur van die idee-kaart moet die volgende woorde bevat: UITSTAPPIE, WIE, HOE en WAT.
- Voltooi die idee-kaart deur EEN voorstel onder elke opskrif by te voeg.

(7 + 1) (8)

3.5 Daar word van jou verwag om TWEE doelwitte te stel wat jy graag in die volgende jaar wil bereik. Verwys na die verwagtingsteorie van motivering en die sukses wat jy behaal het met die voltooiing van jou studies. (2 × 2) (4)

[35]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.

PRENT 1



PRENT 2



[Bron: *https://bing.com*]

Rotter, Bandura en Mischel het geglo dat leer plaasvind deur waar te neem wat in die omgewing gebeur en om ander waar te neem.

4.1.1 Hoe hou *sosiale leer* met die bogenoemde prente verband? (2)

4.1.2 Pas Bandura se teorie van wederkerige determinisme op die prente hierbo toe, deur aan te dui op watter wyse:

(a) Die omgewing gedrag beïnvloed

(b) Gedrag die omgewing beïnvloed

(2 × 2) (4)

4.1.3 Noem die proses van leer by ander, volgens die sosiale leerteorie, soos in Prent 1 geïllustreer word. (2)

4.1.4 Volgens Ausubel, vind leer op die TWEE maniere plaas, wat hier onder genoem word. Verduidelik hoe elk van die volgende stellings by die prente hierbo van toepassing is:

(a) Leerders sal kognitief ontwikkel wanneer hulle 'n geestesbeeld (‘mental image’) kan skep.

(b) Leerders sal nuwe inligting koppel aan inligting wat hulle reeds ken.

(2 + 2) (4)

4.2 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.



PRENT 1	PRENT 2	PRENT 3

[Bron: *http://bing.com*]

4.2.1 Noem die DRIE teoretici wat vir die teorieë, wat in die prente hierbo geïllustreer word, verantwoordelik is. Skryf die nommer van die prent met die naam van die teoretikus. (3 × 2) (6)

4.2.2 Noem die teorie wat in die tekeninge hierbo geïllustreer word. (2)

4.3 Volgens die maturasieteorie is die ouderdom van 'n persoon belangriker as die omgewing.

Dink jy dat die eksperiment anders sou verloop het as die kind in PRENT 1 13 jaar oud was? Noem 'Ja' of 'Nee' en verskaf 'n rede vir die antwoord. (1 + 2) (3)

4.4 Met verwysing na die maturasieteorie, wat in VRAAG 4.3 genoem word, noem TWEE voorbeelde van gedrag wat, weens jou ouderdom, nie meer 'n aspek in jou lewe is nie. (2 × 2) (4)

4.5 Eksperimente met kinders, soos wat in PRENT 1 geïllustreer word, is nie meer aanvaarbaar nie.

Verskaf TWEE redes waarom jy die verbod op sulke eksperimente met kinders sal ondersteun. (2 × 2) (4)

4.6 Die teorie van maturasie meld dat die ontwikkelingsveranderings wat kinders ondergaan deur hul genetika eerder as hul interaksies met hul omgewing bepaal word.

Stem jy saam of verskil jy met hierdie stelling? Bespreek TWEE standpunte om jou antwoord te regverdig. (2 × 2) (4)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *https://bing.com*]

5.1.1 Noem TWEE probleme in die prent hierbo voorgestel word. (2 × 2) (4)

5.1.2 Identifiseer TWEE faktore wat die individu se vermoë om die probleem op te los kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

5.2 5.2.1 Stel DRIE idees voor wat sal help om die probleem in die prent hierbo op te los. (3 × 2) (6)

5.2.2 Noem DRIE probleme wat die persoon, wie se kamer dit is, sal teëkom as hy/sy sou aanhou om so te leef. (3 × 2) (6)

5.3 Cohen en Vroom het albei die verwagtingsteorie voorgestaan. Beantwoord die volgende vrae wat op hierdie teorie gebaseer is:

5.3.1 Noem EEN beloning wat die persoon sal ontvang as hy/sy die kamer netjies maak. (2)

5.3.2 Wat moet die persoon doen om die beloning te kry? (2)

5.3.3 Wat sal die intrinsieke beloning vir hierdie taak wees? (2)

5.3.4 Noem EEN doelwit wat die persoon vir homself/haarself kan stel, sodra hy/sy die proses om die kamer skoon te maak, bereik het. (2)

5.4 Volgens Cohen hang die sukses van 'n taak af van die belangrikheid daarvan.

Noem TWEE redes waarom jou studies vir jou belangrik is. (2 × 2) (4)

5.5 Noem DRIE tegnieke wat gebruik kan word om kreatiwiteit te ontwikkel. (3)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem die humanistiese sielkundige wat vir die ontstaan van die hiërargie van behoeftes verantwoordelik is. (1)

6.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Sam is 'n 10-jarige seun wat in 'n pleeghuis woon. Hy het in 'n omgewing grootgeword waar albei sy ouers alkoholiste is. Hulle was elke dag dronk en, gevolglik, is Sam en sy broers en susters gelos om na hulself om te sien. Sam het by hul bure vir kos en vir sy onderwysers vir ou skoolklere vra. Hulle ouers se dronk vriende het alle ure van die dag en nag by die huis aangekom en het so 'n geraas gemaak dat die kinders nie kon slaap of bedags hulle huiswerk doen nie. Die kinders is deur maatskaplike werkers uit hul ouers se sorg verwyder.

6.2.1 Identifiseer TWEE behoeftes uit die hiërargie van behoeftes wat NIE vir Sam en sy broers en susters bevredig word nie. Motiveer jou antwoord deur 'n voorbeeld uit die scenario te gebruik. (4 × 2) (8)

6.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Margaret Matwana het haar Meestersgraad in Opvoedkunde voltooi nadat sy haar Vlak 4 by 'n TVET-kollege voltooi het. Sy woon in Langstraat 55, Durban, en was baie bevoorreg dat sy die universiteit in haar tuisdorp kon bywoon.

Gedurende vakansies bied sy privaatlesse vir leerders met spesiale behoeftes en leergestremdhede aan. Mnr en mev Rangan is baie tevrede met hul kind se vordering en het vir haar 'n aanbevelingsbrief gegee om by haar CV aan te heg. Margaret is ook vir ses maande tydelik as 'n onderwyser by 'n skool aangestel. Sy is geniet wat sy doen en weet dat sy vir die res van haar lewe met kinders wil werk.

Gebruik die inligting hierbo en deel dit in, onder die volgende opskrifte, in 'n CV-formaat. Skryf die opskrif, gevolg deur die inligting daaronder.

6.3.1 Persoonlike inligting (2 × 2) (4)

6.3.2 Opvoeding (2)

6.3.3 Ondervinding (2)

6.3.4 Verwysings (2)

6.3.5 In die scenario word daar aangedui dat Margaret haar beroepspad begin het en reeds 'n werk gekry.

Onderskei tussen die terme '*werk*' en '*beroep*' deur die betekenis vir elke term te gee en dit op die scenario toe te pas. (2 × 2) (4)

6.3.6 As 'n nuwe onderwyser sal Margaret baie beroepsgeleenthede hê. Dui aan of vooruitgang in haar beroep 'Horisontaal' of 'Vertikaal' is. (2)

6.4 Die vermoë om iets goed te doen word bevoegdheid genoem.

Noem jou sterkste bevoegdheid en noem TWEE maniere waarop dit die toekoms in die beroep wat jy wil volg kan beïnvloed. (2 + 2) (4)

6.5 Noem TWEE inligtingspunte wat 'n werkgewer tydens die onderhoudproses sal probeer vasstel. (2 × 1) (2)

6.6 Nadat jy Vlak 4 voltooi het, kan jy voortgaan om te studeer of begin werk.

Bespreek TWEE metodes wat jy gebruik het om inligting te bekom wat aan jou leiding ten opsigte van jou toekomsplanne gegee het. (2 × 2) (4)

[35]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou